

DIE BYBEL in 'n neutedop



Matthéüs

—deur Peter Hammond

"...en op hierdie rots sal Ek My gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie." Matthéüs 16:18

Markus, die evangelis, wil ongelowiges bereik – soos Jesus as Seun van die Mens gedoen het. Matthéüs en Lukas het van nuwe gelowiges dissipels gemaak, deur te fokus op wat Jesus as Koning en Verlosser gesê het. Johannes, die professor, fokus op Wie Jesus as Seun van God is.

Die spil van die geskiedenis

Die Evangelies vorm die spil (skarnier) van die geskiedenis en verdeel die wêreld in voor Christus (v.C.) en na Christus (n.C. – die jaar van ons Here). Die wêreld sou nooit weer dieselfde wees nie.

Die orde van die boeke

• Waar Markus met die doop van Jesus begin, begin Matthéüs met Jesus se geboorte en afkoms.

• Terwyl Lukas die geslagsregister van Maria se voorvaders

aandui, volg Matthéüs Josef – die stiefpa se bloedlyn. Hy teken die veertien geslagte van Abraham tot by Dawid aan, asook die veertien geslagte van koning Dawid en die ballingskap. Dan volg die veertien geslagte vanaf die ballingskap tot by die geboorte van

dink dat Ek gekom het om die wet of die profete ongeldig te maak nie. Ek het nie gekom om hulle ongeldig te maak nie, maar om hulle hul volle betekenis te laat kry." Matthéüs 5:17. Dit is eintlik erger om ander te leer om die Wet van God te oortree, as om dit sêlf te oortree.

Die Evangelie van Matthéüs is saamgestel uit vyf leerstellings van Christus, en vier gevalle wat hierdie leerstellings illustreer. Dit kom ooreen met die vyf Boeke van die Wet.

die Here Jesus Christus.

• Hy oorspan dus die tyd van die profete, konings, en priesters. Ons Here Jesus Christus is ons Profeet, Priester, en Koning.

Die struktuur van Matthéüs

Die Evangelie van Matthéüs is saamgestel uit vyf belangrike leerstellings van Christus, en vier gevalle wat hierdie leerstellings illustreer. Dit kom ooreen met die vyf Boeke van die Wet. Elke afdeling begin met "Van toe af..." en eindig met "toe Jesus klaar was..."

Die Wet van die Here is volmaak, en verander die siel

Die Here Jesus het duidelik gesê: "Moenie

Leermeesters sal met groter strengheid beoordeel word.

Ou Testamentiese profesieë vervul

Matthéüs maak melding van 65 Ou Testamentiese profesieë wat deur Christus vervul is. Daar is 29 direkte Ou Testamentiese aanhalings en 121 verwysings, of sinspelings op Ou Testamentiese gebeure of beelde.

Koninkryk van die Hemel

Die Evangelie van Matthéüs verwys 33 keer na die koninkryk van die Hemel, 'n uitdrukking uniek aan Matthéüs se Evangelie. Die ander Evangelies praat van die koninkryk van God. Matthéüs, 'n Leviet, was huiwerig om

Kenmerkende eienskappe van Matthéüs

Slegs in die Evangelie van Matthéüs lees ons van die besoek van die wyse manne uit die Ooste, (2:1); die vlug na Egipte (2:13-14); die slagting van onskuldiges deur koning Herodes se soldate in Bethlehem (2:16); en die terugkeer na Nasaret (2:19-23). Slegs Matthéüs vermeld die koms van die Fariseërs en Sadduseërs na Johannes die Doper (3:7); die hele bergpredikasie (hoofstuk 5-7) en die Woorde van Jesus: "Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee." Matthéüs 11:28. Slegs Matthéüs dokumenteer Petrus wat op die water loop. (14:28-31).



God se Naam te noem, en gevolglik het hy verkies om eerder van die koninkryk van die Hemel te praat.

Die Kerk in Matthéüs

Matthéüs is die enigste Evangelie wat na die Kerk verwys. Ons lees in Matthéüs 16:13-19: "Maar julle, wie sê julle is Ek? En Simon Petrus antwoord en sê: U is die Christus, die Seun van die lewende God. Toe antwoord Jesus en sê vir hom: 'Salig is jy, Simon Bar-Jona, want vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar my Vader wat in die hemele is. En Ek sê ook vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie...'." Ons Here maak dit duidelik dat daar net één ware Kerk is, en dat Hy die Een is wat dit opbou. As die Kerk vooruitgaan, sal die poorte van die hel self nie daarteen kan standhou nie.

As jou broer teen jou sondig

In Matthéüs 18 ontvang ons lering oor dissipline in die plaaslike gemeente. In Matthéüs 18:15-20, leer die Here ons oor die belangrikheid daarvan om na jou broer te gaan en 'n probleem tussen julle op te los. As hy nie wil luister nie, neem dan twee of drie broers saam, en probeer om hom te oortuig. Slegs as hy onversetlik is, moet die saak na die gemeente geneem word.

God weerstaan die hoogmoediges, maar Hy betoon genade aan die nederiges

"Voorwaar Ek sê vir julle, as julle


nie verander en soos die kindertjies word nie, sal julle nooit in die koninkryk van die hemele ingaan nie! Elkeen dan wat homself verneder soos hierdie kindjie, hy is die grootste in die koninkryk van die hemele. En elkeen wat een van sulke kindertjies in my Naam ontvang, ont-

vang My..." Matthéüs 18:3-5.

Moenie kleintjies laat struikel nie

"...maar elkeen wat een van hierdie kleintjies wat in My glo, laat struikel, dit is vir hom beter dat 'n meulsteen aan sy nek gehang word en hy wegsink »

"maar elkeen wat een van hierdie kleintjies wat in My glo, laat struikel, dit is vir hom beter dat 'n meulsteen aan sy nek gehang word en hy wegsink in die diepte van die see."



Wie was Matthéüs?

Matthéüs ('gawe van God') was van die stam van Levi (9:9), 'n belastinggaarder (10:3) wat alles agtergelaat het om Christus te volg (Lukas 5:27-28) en een van die twaalf apostels geword het.

'n Handleiding vir dissipelskap

Die Evangelie van Matthéüs is die volledigste, omvattendste, mees sistematiese en geordende weergawe van die lewe en lering van Jesus Christus. Matthéüs is 'n handleiding vir dissipelskap. Matthéüs is in bykans 50 n.C. in Grieks geskryf.

DIE BYBEL in 'n neutedop *Matthéüs*



in die diepte van die see...wee die mens deur wie die struikelblok kom." Matthéüs 18:6-7.

Bring verlore skape terug na die gemeente

Ons word gewaarsku om geen kleintjies te minag nie, "Want die Seun van die mens het gekom om te red wat verlore is." Matthéüs 18:11. "Soek die wat afgedwaal het. So is dit nie die wil van julle Vader wat in die hemele is, dat een van hierdie kleintjies verlore gaan nie." Matthéüs 18:14.

Die noulettende rekenmeester

Matthéüs, wat die geordende denke van 'n rekenmeester openbaar, verwys na die tempelbelasting wat Jesus moes betaal, en ook hoe Hy die geld uit die mond van 'n vis gekry het (17:24-27); asook die 30 silwerstukke wat Judas ontvang het vir die verraad op Jesus (26:15); en die 30 silwerstukke wat aan die Tempel teruggegee word (27:3-10).

Slegs Matthéüs vermeld die verhaal van die verlore skat (13:44), die pèrel van groot waarde (13:45), en die arbeiders in die wingerd (20:1-16). Matthéüs noem ook hoeveel hulle betaal is.

Bykomende besonderhede oor die Kruisiging

Slegs Matthéüs vermeld die droom van Pilatus se vrou, wat hom gewaarsku het om nie hierdie onskuldige Man te verrai nie (27:19); asook die verskyning van opgewekte heiliges ten tyde van die Kruisiging; en die Opstanding (27:53). Matthéüs berig ook oor die plasing van die Romeinse wagte by Christus se graf (27:64-66); en die omkoper van die soldate

slegte dienskneg, al daardie skuld het ek jou kwytgeskeld, omdat jy my gesmeek het; moes jy nie jou mededienskneg ook barmhartig wees soos ek jou ook barmhartig gewees het nie?" En sy heer het hom in toorn oorgegee aan die pynigers totdat hy sou betaal het alles wat hy hom skuldig was. So sal ook my hemelse Vader aan julle doen as julle nie elkeen sy broeder van harte sy oortredinge vergewe nie." Matthéüs 18:32-35.

Jesus Christus is die Messias, die vervulling van al die Ou Testamentiese profesieë. Hy is ons Profeet, Priester en Koning. Hy was bestem vir die altaar van die Kruis, die hoogste offer.

(28:12-13). Matthéüs plaas ook die aardbewing wat met Jesus se dood gepaardgegaan het, op rekord (27:51).

Die onkruid tussen die koring

Matthéüs waarsku oor die onkruid tussen die koring (13:24) en die onbarmhartige dienskneg wat, ten spyte daarvan dat die koning hom sy groot skuld kwytgskeld, nogtans een van sy medediensknegte – wat hom min geskuld het en vir meer tyd gesmeek het – in die tronk laat gooi. "Toe die koning hoor van dié onvergewensgesinde dienskneg, het hy verklaar: 'Jou

'n Lig vir die Nasies

Matthéüs benadruk die belangrikheid daarvan om die heidene vir Christus te bereik: Wyse manne uit die Ooste het ver gereis om die baba wat in Betlehem gebore is, te aanbid. Hulle het vir die Koning van die konings goud gebring, wierook vir die Hoëpriester bo alle priesters, en mirre vir die offer wat 'n einde sou maak aan alle ander offers. In die geslagsregister van Christus, sluit Matthéüs die heidene, Rut en Ragab in. Matthéüs vertel vir ons dat Jesus in "Galilea van die heidene" bedien het, soos geprofeteer is.

Die geloof van die hoofman oor honderd

Van die hoofman oor honderd het Jesus ver-

Die Twee seuns

Slegs Matthéüs vertel die gelykenis van die twee seuns. Een seun was ongehoorsaam aan sy vader, en het gesê: "Ek wil nie!" maar agterna het hy dit berou, en wel gegaan. Die ander seun het dadelik geantwoord: "Ja, heer!" maar hy het nie gegaan nie. Die Here Jesus se vraag was: "Wie van die twee het die wil van die vader gedoen? Voorwaar Ek sê vir julle, die tollenaars en die hoere gaan julle voor in die koninkryk van God." Matthéüs 21:28-31. Dit is nie soseer wat ons sê wat saak maak nie, maar wat ons doen. Dit is nie net ons woorde nie, maar ons daad en handelinge wat tel. 'n Ander kenmerk van Matthéüs is die gelykenis van die verhaal van die huweliksfees. (21:1-14).

"maar van hom wat nie het nie, van hom sal weggeneem word ook wat hy het. En werp die nuttelose dienskneg uit in die buitenste duisternis; daar sal geween wees en gekners van die tande."

Matthéüs 25:14-30



klaar: "Voorwaar Ek sê vir julle, selfs in Israel het Ek so 'n groot geloof nie gevind nie. Maar Ek sê vir julle dat baie sal kom van ooste en weste en saam met Abraham en Isak en Jakob sal aansit in die koninkryk van die hemele. Maar die kinders van die koninkryk sal uitgedryf word in die buitenste duisternis. Daar sal geween wees en gekners van die tande...En sy kneg het gesond geword in daardie uur." Matthéüs 8:5-13.

Die volharding van die Kanaänitiese vrou beloon

Jesus het die Kanaänitiese vrou geseën: "o Vrou, groot is jou geloof; laat dit vir jou wees soos jy wil hê. En haar dogter het gesond geword van daardie uur af." Matthéüs 15:28.

Die Hoeksteen verwerp

Matthéüs plaas op rekord dat Jesus die Hoof Hoeksteen is, wat deur die Jode verwerp is, en daarom sal die koninkryk van hulle weggeneem en aan die heidene gegee word. "Jesus sê vir hulle: Het julle nooit in die Skrifte gelees nie: 'Die steen wat die bouers verwerp het, dit het 'n hoeksteen geword. Hy het van die Here gekom en is wonderbaar in ons oë.' Daarom sê Ek vir julle: Die koninkryk van God sal van julle weggeneem en aan 'n volk gegee word wat die vrugte daarvan sal dra. En hy wat op hierdie steen val, sal verpletter word; maar elkeen op wie hy val, dié sal hy vermorsel. En toe die owerpriesters en die Fariseërs sy gelykenisse hoor, het hulle begryp dat Hy van hulle spreek." Matthéüs 21:42-45.

Vervloekte stede

Tydens Jesus se aardse bediening het daar 250 000 mense op die oewers in Galilea in vier groot stede gewoon. Vandag is daar slegs een van dié stede wat oorgebly het. Jesus het elende uitgespreek oor Górasin, Betsáida, en Kapernaum. Al daardie stede het verdwyn en slegs as argeologiese oorblyfsels behoue gebly. Dit is slegs Tiberias, die stad wat Jesus nooit veroordeel het nie, wat behoue gebly het.

Godsdienstige leiers veroordeel

Matthéüs plaas die meedoënlose veroordeling van die Joodse godsdienstige leiers, die skrifgeleerdes en Fariseërs in Matthéüs 23 op rekord: "Wie homself verhoog, sal verneder word, en wie homself verneder, sal verhoog word. Maar wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle sluit die koninkryk van die hemele toe voor die mense; want julle gaan self nie in nie, en die wat sou ingaan, laat julle nie toe om in te

Die Here beskryf die Oordeelsdag in terme van produktiwiteit. Dié wat suksesvol en produktief was, het meer talente ontvang; dié wat hulle gawes begrawe het, is bestraf.

gaan nie...want julle eet die huise van die weduwees op...Daarom sal julle 'n swaarder oordeel ontvang...julle trek rond oor see en land om een bekeerling te maak; en as hy dit geword het, maak julle hom 'n kind van die hel, twee maal erger as julle self...Wee julle, blinde leiers, Julle dwase en blindes!...julle wat die muggie uitsif, maar die kameel insluk!...vol roof en onmatigheid...vol doodsbendere...en onreinheid...van binne is julle vol geveinsdheid en ongeregtigheid...Slange, addergeslag, hoe sal julle die oordeel van die hel ontvlug?" Matthéüs 23:2-33.

Die gelykenis van die talente

Hier beskryf die Here die Oordeelsdag in terme van produktiwiteit. Dié wat suksesvol en produktief was, het meer talente ontvang, en die een wat sy talente begrawe het, is bestraf: "Jou slegte en luie dienskneg...Neem dan die talent van hom weg en gee dit aan die een wat die tien talente het; want aan elkeen wat het, sal gegee word, en hy sal oorvloed hê; maar van hom wat nie het nie, van hom sal weggeneem word ook wat hy het. En werp die nuttelose dienskneg uit in die buitenste duisternis; daar sal geween wees en gekners van die tande." Matthéüs 25:14-30.

Sondes van versuim

Van die Oordeelsdag sê die Here: "Gaan weg van My, julle vervloektes, na die ewige vuur." Dit het meer betrekking op die goeie dinge wat ons versuim het om te doen, as die slegte dinge – hoe erg ook al.

Profeet, Priester, en Koning

Jesus Christus is die Messias, die vervulling van alle Ou Testamentiese profesieë. Hy is ons Pro-

feet, Priester en Koning.

Seun van Abraham

Jesus Christus, as die Seun van Abraham, was bestem vir die altaar van die Kruis, die hoogste offer. "Die Lam van God, wat die sondes van die wêreld wegneem."

Seun van Dawid

Jesus Christus is ook die Seun van Dawid, die Koning, bestem vir die Troon en die Kroon. Hy is die Leeu, "Koning van die konings en Here van die here".

Die Groot Opdrag

"En Jesus het nader gekom en met hulle gespreek en gesê: Aan My is gegee alle mag in die Hemel en op aarde. Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld." Matthéüs 28:18-20. ■

PETER HAMMOND is 'n sendeling, Bybel-leeraar en outeur. Tel: 021 689 4480; of sien www.frontline.org.za; mission@frontline.org.za